



## LOSLITDAG 2015 GESTREMDHEIDSVELDTOG-VERSLAG

'n Gesamentlike veldtog met  
**die Eenheid vir Gestremdhede en AfriNEAD**  
in samewerking met **Werknemer Welwees** en **Maties Parasport**



UNIVERSITEIT  
STELLENBOSCH  
UNIVERSITY



# Agtergrond

Die Universiteit Stellenbosch (US) het vanjaar 'n suksesvolle en prikkelende gestremdeheidsveldtog aangebied in die aanloop tot Loslitdag 2015. Dit is danksy 'n besluit deur die Rektor se Bestuurspan om die beplanning van die aktiwiteite vir die institusionele Loslitdag aan die Eenheid vir Gestremdhede (EG), wat in die Sentrum vir Studentevoorrugting en -ontwikkeling (SSVO) geleë is, en die African Network for Evidence-to-Action in Disability (AfriNEAD), wat in die Sentrum vir Rehabilitasiestudies geleë is, te allokeer.

## *Die US vier slegs vier nasionale vakansiedae op institusionele vlak: Menseregtdag, Mandeladag of Jeugdag, Loslitdag en Vrouedag.*

Nadat die organiseerders die opdrag ontvang het, het hulle besluit om die geleentheid te benut om die impak van Loslitdag verder uit te brei deur 'n kampuswye veldtog te loods wat die kollig op gestremdeheidsinklusiwiteit by die US sou plaas. Vorige veldtogte het hoofsaaklik op bewusmakingsaktiwiteite op Loslitdag alleen gefokus.

Die reëlingspan het besluit om op sport, die akademiese omgewing en sosiale aangeleenthede te fokus om uit te lig hoe mense met gestremdhede aan sport, akademiese en sosiale aktiwiteite kan deelneem, afgesien van wat hul gebrek mag wees. Ons vind dikwels dat die sosiale reaksie op gestremdheid veel meer stremmend is as die gestremdheid self en dat dit eerder lei tot die uitsluiting van persone met gestremdhede as die gestremdheid self.

Op 27 Julie het prof Wim de Villiers, die US se Rektor en Visekanselier, amptelik die gestremdeheidsveldtog in die aanloop tot Loslitdag geloods. Die nasionale tema vir 2015 was "Loslit innie Lente". Die organiseerders het 'n aantal aktiwiteite gereël wat gestremdeheidsbewustheid op kampus sou bevorder, met as hoogtepunt die etenstyd-geleentheid op Loslitdag, Vrydag 4 September 2015.

'n Aantal aktiwiteite het plaasgevind, onder andere die publikasie van artikels wat deur alumni, huidige personeel en studente met en sonder gestremdhede geskryf is, paneelgesprekke en radio-onderhoude, sportgeleenthede en fliek-aande, en 'n kragtige sosiale mediaveldtog wat op gestremdeheidskwessies gefokus het.





**“Gestremdheid maak jou nie besonders nie, maar wel as jy bevraagteken wat jy dink jy van gestremdheid weet.”**

– Mnr Bongani Mapumulo, 'n tweedejaargestudent wat tans 'n BA-graad in Sosiale Dinamika volg. Hier verskyn Mapumulo met die Rektor, prof Wim de Villiers.

## In die media

### Alumni en huidige studente

Suid-Afrikaanse fietsryers, me Roxy Burns en me Toni Mould, het 'n interessante artikel geskryf oor die uitdagings wat hulle as gestremde atlete in die gesig staar en die prestasies wat hulle bereik het terwyl hulle vir geleenthede geoefen en nasionaal en internasionaal fiets gery het. Hulle het ook gepraat oor die ondersteuning wat hulle van US-personeel ontvang het en hoe dit hulle in staat gestel het om suksesvol te wees. [Klik hier om die artikel te lees.](#) Burns is tans 'n nagraadse student en Mould 'n alumnus.

Mnr Rynhardt Kruger, wat tans sy PhD voltooi, het geskryf oor sy doktorsale tesis wat handel oor ondersteuningstechnologie. [Klik hier om die artikel te lees.](#) Hy is tans die eerste blinde persoon om so 'n studie in rekenaarwetenskap aan te pak.

Mnr Bongani Mapumulo, wat 'n rolstoel gebruik, en sy nie-gestremde vriend, mnr Isibonelo Esihle Sosibo, wat ook 'n US-student is, het 'n artikel oor gestremdhede vanuit hul eie perspektief geskryf. [Klik hier om die artikel te lees.](#)

### Akademiese en ondersteuningspersoneel

Artikels is ook deur US-personeel van die EG en AfriNEAD geskryf. Me Marcia Lyner-Cleophas, Hoof van die EG, het 'n artikel oor innovasie geskryf, waarin sy fokus op die eenheid se ondersteuning van 'n dowe studente deur middel van “live captioning” (met ander woorde, die intydse vaslegging van die lesing in teksformaat op die student se skootrekenaar soos die dosent praat) van die klaslesings van me Jody Bell, wat versoek het dat haar klasnotas van haar honneursklas in Genetika in 2015, woord vir woord vasgelê word. [Klik hier om die artikel te lees.](#)

Dr Gubela Mji het 'n insiggewende artikel geskryf vanuit 'n akademiese perspektief oor die behoefte aan gestremdheid-inklusiwiteit regoor die kurrikulum. [Klik hier om die artikel te lees.](#)

### Radio-onderhoude

Onderhoude oor ons geleentheid was op MFM 92.6, RSG en Cape Talk uitgesaai terwyl artikels in die Kampusnuus, The Conversation, op News24 en op die US-webwerf gepubliseer is.

### Bemaking op Twitter (@sudisabilityupdate)

Tydens die veldtog het ons ook twiets oor tipiese vrae wat mense oor gestremdheid vra getwiet en antwoorde op daardie vrae voorsien.



## Paneelgesprekke om bewusmaking te skep en ondervindings te deel

Drie paneelgesprekke het plaasgevind en is deur personelede, alumni, huidige studente en genooid belanghebbendes van die publiek bygewoon.

**Die eerste paneelgesprek** is by die Braille-sentrum by HUMARGA op die Stellenbosch-kampus gehou en het gefokus op die verskillende soorte ondersteuningstechnologie wat beskikbaar is vir 'n reeks gestremdhede. Die doel van hierdie sessie was om mense in te lig oor tegnologie wat beter toegang tot leef- en werkomgewings kan bied. Die sessie is deur mnr Jan Louw, Hoof van HUMARGA, gefasiliteer, met Kruger, mnr Gerhard Erasmus (van Edit Microsystems) en mnr Bruno Savaria (van Sensory Solutions) wat as gesprekslede gedien het.

Louw het die ontwikkeling van Braille-dienste en tegnologiegebruik by die US bespreek, terwyl Savaria oor die waarde van ondersteuningstechnologie, veral vir blinde persone, gepraat het. Produkte soos die Apex Braille-leser is ook deur Edit Microsystems, 'n verskaffer van opvoedkundige en korporatiewe tegnologie-oplossings in Suider-Afrika, uitgestal, terwyl Erasmus oor die voordele van die leser vir blinde persone gesels het.

**Die tweede paneelgesprek** het op Werk en Gestremdheid gefokus. Hierdie gesprek was by die Tygerberg-kampus plaasgevind en is deur Lyner-Cleophas gefasiliteer. Die gesprekslede was mnr Annas Coetzee, 'n personeelid met 'n gestremdheid; me Madri Engelbrecht (van Altitude Group), wat met gestremde voornemende werkers en hul werkgewers werk om beide partye te ondersteun tydens die oorgang van 'n personeelid met 'n gestremdheid na die werkplek; en me René Hanekom (van die Cape Town Society for the Blind), wat ook voornemende werknemers help om betekenisvolle werk te kry.

### Vrae wat gedek is, sluit in:

- arbeidswette en die indiensneming van persone met gestremdhede,
- die tipe gestremdhede wat werkgewers blykbaar makliker in die werkplek akkommodeer,
- kategorieë van gestremdhede wat die hoogste werkloosheidsyfers toon en die rede hiervoor, en
- maatskappye se grootste vrese met die indiensneming van persone met gestremdhede en maatskappy-subsidies wat sal help om ekstra kostes vir toegang tot infrastruktuur of tegnologie te dek.

Dit was duidelik na afloop van hierdie gesprek dat daar nog 'n behoefte was vir verdere gesprek in die toekoms oor werk en gestremdheid. Met die oog hierop het Hanekom voortgegaan om met gegraduatees te ontmoet en die probleme wat hulle ondervind terwyl hulle vir werk soek, bespreek. Sy beplan om ook met voornemende werkgewers te ontmoet rakende die indiensnemingsuitdagings vir mense wat blind is.

**Die derde paneelgesprek** was oor universele ontwerp as fasiliteerder van universele toegang. Hierdie gesprek het by die Bellville-kampus van die Universiteit Stellenbosch se Bestuurskool (USB) plaasgevind en is deur Lyner-Cleophas gefasiliteer. Die paneel het bestaan uit me Colette Fransolet (Universal Design Africa), dr Diane Bell (USB-ED) en dr Nina du Toit (Kaapse Universiteit van Tegnologie).

### Kwessies wat bespreek is, sluit in:

- die kennis wat argitekte het van die SABS Gedragskode en bouregulasies wat universele toegang bevorder,
- die kennis wat munisipale bouinspekteurs het omtrent bouregulasies en hoe dit persone met gestremdhede raak,
- watter toevlug die publiek het wanneer bouriglyne met betrekking tot universele toegang oortree word, en
- wat instellings soos universiteite in gedagte moet hou wanneer hulle vir universele ontwerp beplan om leer en onderrig toeganklik te maak in al sy vorme, of dit nou deur middel van fisiese infrastruktuur of bouprojekte, die kurrikulum, leesmateriaal, rekenaarsageware of algemene inligting wat aan die publiek voorsien word, geskied.



## Fliek-aande

Twee fliek-aande is by die PULP-bioskoop, 'n lokaal wat maklik toeganklik is vir rolstoele, gehou. Die fliek, *My Left Foot*, is met sub-titels vertoon om dit toeganklik te maak vir persone met gehoorverliese. 'n Verbale weergawe (sonder beelde) van die fliek *Pitch Perfect* is ook daar aangebied. Die doel van laasgenoemde geleentheid was om fliekgangers die geleentheid te bied om te ervaar hoe dit voel om 'n rolprent as 'n blinde persoon te ervaar.

## Sport

Sportgeleenthede, wat doelbal en boccia ingesluit het, is op die Tygerberg-kampus aangebied. Doelbal is 'n sport wat deur persone met visuele gestremdhede gespeel word en boccia word deur persone met erge spinale gestremdhede gespeel. Die oorhoofse doel was om spanne van al drie kampusse in te sluit by die sportgeleenthede. Alhoewel ons nie 'n volle span van elke kampus gekry het nie, glo ons dat dit met tyd sal verbeter soos bewustheid van gestremdheidskwessies in die toekoms op ons kampusse verbeter. Die Worcester Doelbalklub het na Stellenbosch gekom om die inisiatief te ondersteun en het 'n paar wedstryde teen die Matie-span gespeel. Van die doelbalspelers sowel as een of twee personelede het ook die uitdaging aanvaar om boccia te speel.

## Loslitdag

Die veldtog is op Loslitdag afgesluit, waar mnr Grant Jefthas die etensurgesprek vir die dag gelei het. Genooide sprekers het prof De Villiers, wat ook die veldtog gesluit het, ingesluit. Mnr Russell Vollmer, 'n kwadrupleeg, het idees gedeel oor wat hom gedryf het om, ten spyte van 'n ongeluk waarin hy verlam is, nie tou op te gooi nie. Mnr Phil Williams van die Stellenbosch Werksentrum wat baat by die fondse wat die US insamel deur middel van die verkope van Loslitdag-plakkers, het gepraat oor die waarde wat die US bydra tot die Sentrum. Van die werknemers by die Sentrum het ook die geleentheid gehad om gedurende die inspirerende etensursessie te praat.

*“Mnr Russell Vollmer, 'n kwadrupleeg, het idees gedeel oor wat hom gedryf het om, ten spyte van 'n ongeluk waarin hy verlam is, nie tou op te gooi nie.”*

Pryse, wat PULP-fliekkaartjies vir koshuise en winkelgeskenkbewyse vir personeel ingesluit het, is oorhandig aan die US-departement en die -koshuis wat die meeste Loslitdag-plakkers verkoop het. Die biblioteek, die SSVVO en die Registrateurskantoor het die meeste kaartjies verkoop en het elk 'n geskenkbewys ontvang. Metanoia-koshuis het 'n fliek van hul keuse gewen wat hulle kan geniet wanneer dit hulle pas.





# Aanbevelings vir die pad vorentoe by die US wat betref gestremdheid

*deur me Lieketseng Ned*

Uitsluiting in opvoedkundige omgewings, soos enige vorm van diskriminasie in die samelewing, is nie net beperk tot gelde of armoede nie. Dit sluit ook uitsluiting deur gestremdheid in, asook deur ras, geslag en seksualiteit. Om die waarheid te sê, hierdie identiteitskategorieë en ander vorme van identiteit is so nou verweef en reageer met mekaar op soveel vlakke dat hulle uiteindelik bydra tot maatskaplike ongelykheid en onderdrukking wat in verskeie vorme van diskriminasie ervaar word. Dit is goed gedokumenteer dat akademiese uitsluiting 'n groot kwessie is vir gestremde persone van primêre tot hoër onderwys instellings.

Die 2015 Loslitdag-veldtog het plaasgevind op 'n baie kritiese tyd in die akademiese ruimte, soos studentebewegings die transformasie-agenda aan universiteite oor Suid-Afrika heen begin bevestig het. Dit het 'n omgewing geskep wat dit moontlik gemaak het vir gestremde aktiviste regdeur Suid-Afrika en by die US om die geleentheid te gebruik om die US te sensitiseer oor die vele vlakke van uitsluiting. As gestremde aktiviste het dit ons toegelaat om te reflekteer oor ons instelling se begrip, kultuur en houding wanneer dit kom by transformasiekwessies en om te kyk of gestremdheid deel vorm van ons instelling se transformasie-agenda.

Ten einde gestremde kwessies op institusionele vlak aan te spreek, mag die US dit nuttig vind om Kaplan (1999) se raamwerk van organisatoriese verandering te gebruik om te help vasstel of daar samehang is tussen die Universiteit se doelstellings en doelwitte en sy operasionele plan en strategieë wat betref gestremde kwessies.

*“Hierdie ses elemente van organisatoriese kapasiteit sou kon dien as 'n goeie begin om die US by te staan om meer besinnend en sensitief te wees oor gestremdheid...”*

Volgens Kaplan is daar ses elemente van organisatoriese kapasiteit wat teenwoordig moet wees (ook geoperasioneel/ gesinchroniseer) vir 'n organisasie om kapasiteit te hê en effektief te wees in die fasilitering van transformasie.

Hierdie ses elemente van organisatoriese kapasiteit sou kon dien as 'n goeie begin om die US by te staan om meer besinnend en sensitief te wees oor gestremdheid as 'n diversiteitskwessie wat raakpunte het met vele ander kategorieë, byvoorbeeld ras en geslag.

**“Deur die ontwikkeling van ‘n duidelike begrip en verantwoordbaarheid, kan die US begin om ‘n organisatoriese visie en strategie te ontwikkel.”**



Die ses elemente is:

### 1. Konseptuele raamwerk

Die **konseptuele raamwerk** is 'n konsekwente verwysingsraamwerk, 'n stel idees of begrippe wat die organisasie toelaat om sin te maak van die omringende wêreld, hom te plaas binne die wêreld, en besluite te neem met betrekking daarop. Hierdie raamwerk is nie 'n spesifieke ideologie of teorie nie, dit is nie noodwendig korrek nie, en dit word nie onaangeraak gelaat deur kritiek of verandering nie.

Ruimtes soos Loslitdag, waar die begrip van gestremdheid en die kompleksiteit van gestremdheidskwessies bespreek word, moet nie eenmalige gebeurtenisse wees nie - die US moet hom eerder verbind tot deurlopende dialoog oor kwessies soos gestremdheid en menswaardigheid soos dit die Universiteit se breër strategieë raak. Dit is belangrik vir personeel oor alle vlakke binne die Universiteit om te verstaan waar die instelling gestremdheid plaas en hoe dit gestremdheid verstaan, sodat besluite altyd geneem word uit hierdie hoek. Deurlopende besinning oor gestremdheid en hoe die instelling die menswaardigheid van gestremde persone binne universitêre ruimtes en daarbuite kan herstel en onderhou, is een plek om te begin om te verseker dat kwessies van gestremdheid deel word van die hoofstroom by die US.

### 2. Organisasoriese houding

**Organisasoriese houding** behels die vertroue om in en op te tree in die wêreld...op 'n wyse wat die organisasie glo effektief kan wees en wat 'n impak kan hê (Kaplan, 1999). Die Hoop Projek, wat die US se institusionele reaksie is op kwessies soos armoede en kwesbaarheid in Afrika, is nou verbind met die kwessies wat belig word in die verskillende artikels wat tydens die Loslitdag-veldtog geproduseer is.


Boonop verklaar die US in sy Institusionele Voorneme en Strategie 2013-2018 dat sy “strategiese posisionering vir die 21ste eeu veranker is in die skep en handhawing van 'n omgewing van inklusiwiteit, transformasie, innovasie, diversiteit, en die handhawing van uitnemendheid, met 'n klem op die toekoms” en dat hierdie posisionering veranker is “in die vier strategiese fokus-areas” – “studentesukses, diversiteit, die kennisbasis en sistemiese volhoubaarheid”. [Klik hier om die volle dokument te lees.](#)

Gebaseer hierop, moet die Universiteit gestremdheid vrymoedig erken as 'n diversiteitskwessie, hom verbind om die kwessie van gestremdheid te lei en aan te spreek, en insluiting demonstreer van diegene met gestremdheid regdeur die instelling. Gestremdheidskwessies moet deel word van ons transformasieveldtog en ons moet wegdeins van vae strategieë wat nie eksplisiet aandui hoe die instelling hom verbind om hierdie veelvlakkige uitsluitings aan te spreek nie, waarvan gestremdheid slegs een is.

### 3. Organisasoriese visie en strategie

Deur die ontwikkeling van 'n duidelike begrip en verantwoordbaarheid, kan die US ook begin om 'n **organisasoriese visie en strategie** te ontwikkel. 'n Duidelike begrip van die instelling se visie en strategie rakende gestremdheidskwessies sal 'n doelgerigtheid en wil verseker waarin die instelling nie spring van een probleem na die volgende nie, maar daarin slaag om 'n program van aksie saam te stel en te implementeer – wat ook aanpasbaar is – rakende gestremdheidskwessies.

Om onself te verbind om aan gestremdheid die ruimte te bied wat dit verdien by die US beteken nie dat ons slegs gestremdheid belig op nasionale en internasionale bewustheidsdae nie, maar dat dit regdeur die jaar belig word en deur alle fakulteite opgeneem word in die kurrikulum wat ons onderrig, om sodoende studente te sensitiseer vir gestremdheid. Op hierdie wyse kan ons toekomstige leiers beïnvloed wat meer oop sal wees daarvoor om gestremde persone te akkommodeer en integreer in verskillende ontwikkelingsruimtes. Die US het 'n rol om te speel om die vlag vir gestremdheid te hys en om toegang tot opvoeding makliker te maak vir gestremde persone, terwyl die fisiese, sensoriese en verhoudingsbelemmerings aangespreek word wat gestremde persone binne die Universiteit in die gesig staar. Ten einde dit te doen, moet die Universiteit egter sy opset versigtig oorweeg en kyk hoe dit weerspieël word in sy visie en strategiese beplanningsdokumente.



Me Lieketseng Ned

#### 4. Organisasoriese strukture en prosedures

As 'n gevolg van die US se organisatoriese visie en strategie, **moet organisatoriese strukture en stelsels** ontwikkel word om daardie visie en strategie te akkommodeer. Navorsing deur Fowler en Ubels (2010:14) toon dat “wanneer organisatoriese doelwitte, strategie en kultuur duidelik is, word dit moontlik om die organisasie op so 'n wyse te struktureer dat rolle en funksies duidelik gedefinieer en gedifferensieer word, lyne van kommunikasie en aanspreeklikheid ontwar word, en besluitnemingsprosedures deursigtig en funksioneel word.”

Die vraag wat ons op hierdie punt moet vra is hoe, wanneer die Universiteit se organisatoriese visie en strategie in plek is, dit moet funksioneer en watter strukture en stelsels in plek geplaas moet word om die instansie se toewyding tot gestremdheid te verseker? Hierdie keuses moenie toegelaat word om onbewustelik te funksioneer nie, maar die instelling moet 'n bewuste keuse maak in die saak. Strukture en prosedures wat ontwikkel is, moet duidelik gedefinieer en gedifferensieer word om die visie en strategieë van die Universiteit te demonstreer.

Dit is noodsaaklik dat die US se bestuur gestremdhedskwessies die kern van sy besigheid moet maak, deur operasionele planne te ontwikkel wat regdeur die jaar stipuleer hoe die instelling as 'n geheel bewusheid van hierdie kwessies sal bevorder. Gestremdhedskwessies kan nie net prominent wees op dae soos Loslitdag of die Internasionale Dag vir Persone met Gestremdhede op 3 Desember en ander sulke bewusmakingsdae nie. Boonop moet hierdie dae nie net gefasiliteer word deur eenhede en sentrums soos die EG en AfriNEAD, net omdat hul kernbesigheid sentreer om gestremdhedskwessies nie, maar moet roteer en 'n gekoördineerde samewerking oor die verskillende fakulteite van die Universiteit behels, aangesien gestremdhedskwessies oor al hierdie omgewings sny. Hierdie proses sal dien as 'n bewusmakingstrategie vir almal om betrokke te wees by gestremdhedskwessies. Wanneer gestremdheid aangespreek word, kan ons nie bekostig om te sê dit is een eenheid se verantwoordelikheid nie, maar moet ons vorentoe beweeg van die uitgangspunt dat dit almal se verantwoordelikheid is.

#### 5. Individuele vaardighede, vermoëns en bevoegdhe

Die volgende stap is die groei en uitbreiding van **individuele vaardighede, vermoëns en bevoegdhe**. Personeel by die US benodig opleiding oor hoe om gestremdhede by die werk te bestuur, hoe om redelike akkommodasie te verskaf aan personeel en studente met gestremdhede, sowel as hoe om gestremde studente en personeel binne die instelling te integreer. Kaplan bied weer aan die US 'n oplossing deur voor te stel dat opleiding spesifiek tot die organisasie moet wees. Opleiding moet dus die vaardighede en vermoëns ondersteun wat benodig word vir ons instelling om sy doelwitte te bereik en deur hierdie opleiding kan algemene uitdagings en probleme, soos of US lektore beskik oor die nodige vaardighede om 'n gestremde persoon in die klaskamer-omgewing te akkommodeer, aangespreek word.

*“Sonder 'n geskikte hoeveelheid hulpbronne sal die Universiteit altyd, in 'n belangrike sin, onbevoeg bly.”*

#### 6. Menslike en materiaal-hulpbronne

Uiteindelik benodig ons instelling genoegsame en geskikte **menslike en materiaal-hulpbronne** in die vorm van toereikende begrotings om gestremdhedskwessies, toerusting, kantoorruimte en dies meer aan te spreek. Sonder 'n geskikte hoeveelheid hulpbronne sal die Universiteit altyd, in 'n belangrike sin, onbevoeg bly. Met die aanspreek van ons vlak van materiaal-hulpbronne moet ons die belangrike en moeilike vrae vra oor; byvoorbeeld, of ons kommunikasiehulpbronne verseker dat inligting maklik toeganklik is vir gestremde studente en personeel, of hulpbronne toegeken word om toeganklikheid van geboue en sypaadjies op kampus te verbeter, en of daar genoegsame bystandstoestelle en -dienste soos Braille of tolke op kampus is.